

## INHOUDSOPGAWE

|                                     |    |
|-------------------------------------|----|
| Oorwin is iets wat jy elke dag doen | 1  |
| Applous vir jousef                  | 4  |
| Handklap vir ander                  | 6  |
| Ovasie vir God                      | 8  |
| Hoe het die martelare dit volgehou? | 10 |

## REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,  
Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

## OORWIN IS IETS WAT JY ELKE DAG DOEN

B Luiten

Johannes ontvang op Patmos 'n ryk openbaring wat bestem is vir die kerk van Jesus Christus in die laaste tydperk. Hy moet dit oordra aan die sewe gemeentes, saam met 'n begeleidende skrywe. Sewe verskillende briefies waarin ons alle aspekte van kerkwees herken (Openbaring 2-3). Hulle het vir ons bewaar gebly. Saam vorm hulle iets soos 'n spieëlsaal: as jy daar ingaan, sien jy jousef van alle kante.

Hoewel hulle almal verskil, het die briewe tog baie in gemeen. Die een Here spreek daarin tot die hart van sy kerk. Hy prys, bemoedig, waarsku, en wil verhoed dat ons dit verloor wat Hy verwerf het.

### Stryd

Sodoende blyk dit dat daar baie stryd in die lewe van 'n Christen is. Ja, om te glo is min of meer dieselfde as om stryd te voer. Dit beteken dat jy voortdurend God se kant moet kies, ondanks die verleiding van die Satan, die wêreld en jou eie sondige natuur. Die Here weet wat dit beteken. "*Ek ken die plek waar jy woon,*" het Hy laat neerskryf, "*waar die troon van die Satan is*" (Openb. 2:13). 'n Regstreekse benoeming van die vyand en sy mag. Iets wat deur menigeen nog skaars ernstig



opgeneem word, en tog net so werklik is as die intense aktiwiteit van die Heilige Gees. Watter kontras is daar nie tussen die twee nie! Die Here laat blyk dat Hy weet hoe dit is om uit die Gees te wil lewe en voortdurend in 'n leef- en werksomgewing te verkeer waar dit nie inpas nie. En waar soveel invloede 'n plekkie wil hê tussen jou en God: hulle druk tussenin om so afstand te skep tussen die Heiland en sy gekooptes.

### Oorwinning

Tog word die woord "stryd" self nie genoem nie. Die Christene word aangespreek as mense wat "oorwin". Die gedagte van 'n geveg is wel daarin vervat, maar die resultaat van hierdie stryd is die uitgangspunt as die Here met sy volk praat.

Die geheim lê in die Here: dit is en bly sy stryd. Al lê Hy ons die woorde in die mond, dit is en bly sy swaard

wat Hy persoonlik hanteer (Openb. 1:16, verg. 2:12, 16).

Streng gesproke kan Hy sonder enige hulp van ons kant af die duiwel oorwin. Uiteraard! Maar Hy kies daarvoor om hierdie oorwinning te behaal in die lewens van ons met wie Hy sy dood en lewe deel. Klaarblyklik doen dit geen afbreuk aan sy krag nie. Dit is wonderlik, maar dit is ook vir ons 'n aanmoediging. Nou hoef ons maar net die Woord te spreek, Hy sal daarmee die harte bereik en verander, en andersinds die vyand stilmaak.

**Nou word die keuse gemaak van in watter geestelike stad jy 'n bousteen wil wees.**

### Daaglik

Die persepsie bestaan (en dit is baie hardnekkig) dat die laaste Bybelboek handel oor 'n verre toekoms. Maar dit is beslis nie waar nie. Johannes moet juis sien wat gaan gebeur in die totaliteit van hierdie laaste tydvak wat 'n aanvang neem met die hemelvaart van die Here Jesus (5:6). Die uiteindelijke voltooiing van Babel en Jerusalem mag in die toekoms lê, maar tans is die bouwerk van albei stede volstoom aan die gang. Nou word die keuse gemaak van in watter geestelike stad jy 'n bousteen wil wees.

So is die oorwinning ook nie slegs 'n eindresultaat nie. Vir ons ore klink dit nogal so. Daar staan sewe keer geskrywe: "*Aan hom wat oorwin, sal Ek gee...*" Dit lyk asof dit in die toekoms lê, en dan kry mens die indruk dat dit jou nog lank nie beskore is nie - nie wat tyd betref nie en ook nie wat sekerheid betref nie.

Maar die eerste lesers van die sewe briewe het dadelik begryp dat Johannes hier oor die

daaglikse lewe praat. Want dit is die werkwoordsvorm wat hier gebruik word. Dit gaan oor iemand *wat met iets besig is!* In 'n advertensie vir fietse word daar byvoorbeeld gesê: "*As jy fietsry, leef jy gesond.*" Wie dink by die aanhoor hiervan aan 'n verre toekoms? Niemand nie, want die fietsryer word as lewendig beskryf. Net so staan daar in die briewe aan die sewe gemeentes telkens: "wie oorwin". 'n Toneel in aksie, vandag.

Die onderskeid kan gevind word in 6:2. Die ruiter op die wit perd het uitgegaan "*as 'n oorwinnaar en om te oorwin*".

*As 'n oorwinnaar*: voortdurend sterker, daaglik, op pad na die toekoms. Hierdie woord is dieselfde in al sewe briewe.

*Om te oorwin*: die eindresultaat waaraan ons saam met Christus deel mag hê.

### Naby

Dit laat die oorwinning baie naby kom, deel van die daaglikse lewe, al woon Satan in jou omgewing. Ja, juis daarom! Nou het jy die kans om reëlreg teen hom stelling in te neem.

Elke keer as jy jou hande vou om jou Skepper vir jou maaltyd te bedank, al lyk dit vir ander snaaks, teken jy 'n oorwinning oor die teenstaander aan. Een- nul. Telkens wanneer jy jou Bybel oopmaak om aandagtig daarin te lees, al lag omstanders vir jou, teken jy punte aan. Twee- nul. So dikwels as wat jy God se kant kies in wat jy doen of nalaat, vergroot jy die voorsprong. Drie-nul. En so verder.

Die bedoeling van die Satan is om God se werk te vernietig, sy Naam uit te wis en sy Woord stil te maak. So dikwels as wat 'n Christen dit dwarsboom deur God se naam te bely en daarvolgens te handel, is hy besig om te oorwin. Daarin word ons bemoedig en versterk:

**Ek beskou niemand met 'n godvresende moeder as 'n arm mens nie.**

- Abraham Lincoln

*aangevuur* deur ons Here. Want dit kan gedoen word, agter Hom aan! Dit is nie vaag of ver weg nie, dit is binne bereik en konkreet. En Hy weet beter as ons wat op die spel is, wat alles in gedrang is.

### Altyd wins?

Wen 'n Christen dan altyd? 'n Retoriese vraag. Gelowiges kan diep val en baie nalatig wees. Dit is geen verskoning om daaraan toe te gee nie, maar dit is wel 'n feit. Sewe briewe illustreer dit sewe keer. Die voortbestaan van 'n gemeente word soms daardeur bedreig. Tog word die stryd ook in hierdie situasies as oorwinnaars aangespreek. So word hulle gelok na die goeie kant, nie om die stryd vry te spring nie, maar om werklik stryd te voer. Tegelykertyd word dit duidelik dat die oorwinning allereers 'n *geskenk* is. In Christus kan jy aangespreek word as

oorwinnaar, al het jy self maar weinig krag. Ten diepste is eenvoudige geloof genoeg, as jy maar daardeur aan Christus vashou (3:8). Hy is die sterk Held wat met sy Woord ons aanvoer.

### Ook wins uit verlies

Wanneer kleingelowiges weer regop gehelp word uit 'n nederlaag, behoort hulle meer te vertrou op hulle Heer. Nie deur toe te gee aan sorgeloosheid en slordigheid nie. Nee, hulle moet dan juis sorg dra om voortaan naby die Here te bly om nougeset op sy weë te wandel.

So word verlies omgeskakel in wins. Iemand wat een keer werklik ervaar het wat dit is om die onderspit te delf en die Here te verloor, sal, wanneer hy dan weer teruggevind is, sy uiterste bes doen dat dit nooit weer gebeur nie. Gewese verloeders word aangetref in die voorste gelede van die stryd.

### Om verder te lees:

[Geloof en beleving](#) gaan oor ons stryd in die geloof, en [Volharding](#) handel oor God se oorwinning in ons lewe.

### Om te gee ...

**Ek glo nie mens kan vasstel hoeveel 'n mens behoort te gee nie. Ek is bevrees die enigste aanvaarbare reël is om meer te gee as wat ons kan spaar. Met ander woorde, as ons met ons uitgawes aan gemak, luukses, vermaak, en dies meer, die standaard handhaaf van diegene met dieselfde inkomste as ons, gee ons waarskynlik te min weg. As ons nie ter wille van ons barmhartigheidsdiens moet besuinig nie, of as gevolg daarvan ongerief verduur nie, is dié diens waarskynlik te klein. Daar behoort dinge te wees wat ons graag wil doen, maar moet nalaat omdat ons uitgawes in die diens van barmhartigheid dit nie toelaat nie.**

**CS Lewis, *Mere Christianity***

**Dit is 'n grootse ervaring om Bybel te lees, want dit is nie moontlik om ooit die kennis van die Skrif uit te put nie – dit is 'n bodemlose put!**

**- John Chrysostom**

# APPOUS VIR JOUSELF

WH de Groot



Die aanbieder Emiel Ratelband roep ons, ten spyte van sy eie angste en vrae, daagliks oor die radio toe: 'Wie is die belangrikste in hierdie saal? Dit is jyself! Gee jouself applous. Tsjakkaa! Gister is geskiedenis, môre is jou toekoms, vandag gaan jy dit maak. Ons gaan oor vuur loop ...'

Die gehoor hang aan sy lippe – en aan dié van alle profete en ghoeroes in sy kielwater. Hulle boodskap word diep ingeasem, want dit is só menslik. Godvergete hemelbestormers wat 'n nuwe toring van Babel bou en daarvandaan basuin.

Sukses is deurslaggewend. Sukses moet letterlik déúrslaan. Jy moet jouself, jou regte, laat geld. Ja, meer aandag vir wie God jou gemaak het is nie noodwendig verkeerd nie, want mens kan ook verval in sieklike selfnegering en selfhaat. Maar kyk hoe vinnig en maklik val ons in die strik van egoïsme.

Gebeur dit nie ook baie vinnig in die kerk nie? Ek, ek, ek...

Maar wat dan van die ander? Wat van God?

## 'n Oorvloed voorbeelde

In die Bybel is daar 'n oorvloed voorbeelde van hoe jy kan verkeerd gaan as jy jouself op 'n voetstuk plaas.

Eva. Selfgeldend soek sy 'n pad na God – náás God! 'n Eie pad wat verbrokkel. "Julle sal soos God wees". Daar is niks wat sy eerder wou hê nie. En Adam volg haar. En daar staan hulle toe – in hulle skaamte. Hulle selfgeldig bring hulle ver van hulle tuiste.

Lameg. Selfgeldend bal hy sy vuiste na die hemel. Hy neem twee vroue – as teken van sy selfgeldig. 'Ek sal self regkom! Ek sal myself sewentig maal sewe keer wreek'. Wie het God nodig? Windmakerig soek hy sy eie pad – 'n doodlooppad. Want dit is wat dit is: 'n doodlooppad, om meer te wil wees as God. Sedert die sondeval is dit in die mens se bloed. Maar dit bring geen sukses nie, want God gryp in as dit vir Hom te erg word. Hy haal die mens van sy selfgekeose voetstuk af en sit hom op sy plek.

## God gryp in

Weet u wie was net so selfgeldend? Jakob. Hy het die mooiste beloftes gekry, net soos ons by ons doop. Sy moeder het dit gehoor toe sy 'n tweeling verwag het en sy sou dit ongetwyfeld aan haar jongste vertel het – dat God hom bo sy ouer tweelingbroer, Esau, sou stel; dat Jakob die eersgeboortereg sou kry. Maar toe word die 'kry' 'n opeis. Jakob wil sêlf sy toekoms beveilig. Eiegeregig gaan sit hy op God se troon om die toekoms na sy smaak te beplan. So lyk dit dan

**Buitengewone waarde lê nie in die besit van buitengewone gawes nie, maar in die toewyding van wat ons besit in die diens van God.**

- FW Robertson

asof die beloftes van God 'n meulsteen om sy nek word – omdat hy dit self wil waar maak, in plaas daarvan om God in sy lewe aan die Woord te laat bly.

Op 'n slinkse manier laat hy sy broer vir sy honger boet. Hy laat hom selfs sweer. So bedrieg Jakob vir Esau en staan hy op vir sy eie eersgeboortereg, asof dié reg nie allereers van die genade van God afhang nie. Daarna word alles erger. Lieg en bedrieg. Selfgeldend op sy eie pad. God vooruitloop. Self sy beloftes veilig maak. 'Nee pa, ek is Esau. Ruik maar, voel maar, proe maar'. Jakob wil byna sakramentele sekerheid gee om sy blinde vader te oortuig. Jakob doen sy naam eer aan (Jakob beteken "bedrieër"). Lieënd en bedrieënd soek hy self 'n uitweg.

**...as jy nederig bly, dan kry God plek in jou lewe om sy beloftes waar te maak.**

Die selfgelding blyk weer in Haran, maar eers kry hy by Laban 'n dosis van sy eie medisyne. Die bedrieër word bedrieg. Meteens is dit Lea agter die sluier. Maar daarna gaan Jakob maar weer voort soos voorheen. Gewetenloos bedrieg hy sy gasheer, wat ook nog twee maal sy skoonvader is, en eien homself 'n kudde toe. Toe vertrek hy boonop skelm en gaan terug huis toe.

Maar dan gryp God in. Op pad na die beloofde land kom God hom teë en gee vir Jakob 'n lesie

in nederigheid. Jakob moet erken dat God sterker is. "*Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën*". Hy erken die oorwinning van God. Eindelik gee Jakob gewonne. Eindelik verneder hy hom onder die hand van God. Hy kry só 'n hou op sy heup dat hy nie meer voor kan loop nie. In Jakob se wandel met God het die HERE voortaan die inisiatief. So hoort dit. Dan kry Jakob ook die oorwinnaarsnaam: Israel; omdat hy uiteindelik verstaan hoe dit werk: "*as ek swak is, dan is ek sterk*".

### **Waaroor dit gaan**

As jy jou nie selfgeldend gedra nie; jousef nie op die voorgrond stel nie; nie altyd jou eie mening die belangrikste ag nie; as jy nederig bly – dan kry God plek in jou lewe, om sy beloftes waar te maak; om die gevolge van die sondeval, menslike eieregtigheid, uit die weg te ruim. Plek om weer in jou lewe aan die Woord te wees.

Applous vir jousef? Is jy die belangrikste in die saal? Moet jy jousef altyd 'push'? Moet jy altyd selfgeldend voor loop? Luister jy na die ghoeroes en profete van die hierdie tyd? As Christen weet jy tog beter? Waar jy jousef op die troon of 'n voetstuk sit, daar is die eerste gebod ver van jou af, en die diens van God skuif na die kantlyn van jou lewe. In die diens van God verdien jy geen applous nie. Jy is nederig dankbaar dat jy Hom kan dien. In die diens van God mag jy wel handeklap vir jou naaste. Dit kan uitloop op 'n ovasie vir ons God en Redder. En dit is juis waaroor dit gaan.

### **Lees verder:**

Die saak van nederigheid het alles te make met ons navolging van Jesus Christus. Lees hier oor die [noodsaak van Pinksterfees](#) en [dissipelskap](#).

**Wanneer die mens ophou om in God te glo, beteken dit nie dat hy in niks glo nie, maar dat hy in enigiets sal glo.**

- CK Chesterton



# HANDEKLAP VIR ANDER

WH de Groot



## 'n Tendens daargestel

Emiel Ratelband het sy tienduisende verslaan. Elkeen klap nou vir homself hande. Die vraag is of hy hierin die tendens-steller of die tendens-volger is. Sluit hy by die gevoel van baie ander mense aan, of gee hy die toon aan? Ek dink dat hy 'n volgeling is. 'n Navolger, ewewel van die verkeerde leermeester – van die mega-misleier. Die diepgewortelde ek-gerigtheid wat sedert die sondeval daar is – want toe, met die sondeval, het hierdie verkeerde navolging al begin – word deur hom aangewakker. Hy werk aan dié tendens. So stel hy die tendens. As volleerde valse profeet verkondig hy aan die mense wat hulle graag wil hoor. Plaas jouself op 'n voetstuk. Dan sal dit met jou goed gaan.

In so 'n samelewing, met so 'n egosentriese lewensbeskouing is nederigheid 'n lelike woord. En in die konteks van vandag is dit inderdaad so. Die nederigheid wat jy teëkom is eintlik nie nederigheid nie. Jy sien dit dikwels rondom jou.

Mense is nederig met bybedoelings, dikwels om beter daarvan af te wees. Lek boontoe, trap ondertoe. As die baas naby is – werk 'n bietjie harder. Gáán vir jou eie loopbaan, moet niks en niemand ontsien nie. Die bedryfslewe, en elders, is barstens vol van mense wat witvoetjie soek.

Paulus noem dit in Kolossense 2:18 “*thelō en tapeinophrosunē*” – letterlik: 'n selfgewilde nederigheid. Jy doen jou nederig voor, maar met 'n ander doel – dit kom nie uit die hart nie. Dit is 'n skyn-vroomheid.

## 'Haute couture'

Verderaan in dieselfde brief skryf Paulus: “*Beklee julle ... met nederigheid...*” (Kolossense 3:12), soos met 'n kledingstuk. 'n Kledingstuk van 'n nuwe mode. Die nuwe lewe word hier vergelyk met die aantrek van nuwe klere. Met Christus het jou ou mode gesterf en is begrawe. Voortaan word die styl van jou klerekas deur Hom bepaal. Sy 'haute couture' (uitrusting van die duurste ontwerpshuise) is jou daaglikse uitrusting. Nederigheid hang nou in jou klerekas tussen innerlike ontferming, sagmoedigheid en geduld. Die naam van die nuwe mode wat deur Jesus ontwerp is, is liefde.

Nou moet ons oppas vir 'n misverstand. Vergelyking van nederigheid met 'n kledingstuk kan die indruk skep dat dit net oor uiterlike dinge aangaan. Dan kom 'n mens weer uit by 'vroom lyk'. Jy trek die nederigheid uit of aan, na gelang van die situasie. Jy is nederig wanneer jy dink dis nodig. Dit is 'n misverstand. Dit gaan nie oor

**Ons is nie as Christene so dom om te dink dat ons niks meer het om te leer nie, want ons is steeds soos klein kindertjies wat in die branders van 'n oseaan van waarheid plas.**

- Edward Donnelly

uiterlike vertoon, terwyl jy van binne niks daarvan bedoel nie. Hierdie mode is nie bedoel om jou innerlike te verberg nie. Dit is nie 'n masker waaragter jy jou werklike gevoel wegsteek nie. Nee, hierdie klere is op jou lyf geskryf. Dit gee uiting aan wat binne leef. Dit laat die gesindheid sien wat diep binne in jou gewortel is.

### Voorbeeldige lewe

Ons moet ook daaraan dink dat ons Heiland nie net die ontwerper van die nuwe mode is nie, maar dit ook op 'n onnavolgbare manier vertoon het. Hy is die model wat die nuwe klere laat sien het. Nie net het dit, soos dikwels met 'n model die geval is, gelyk asof die klere vir Hom gemaak is nie, die klere is inderdaad vir Hom gemaak. As ontwerper is Hy terselfdertyd model. Hy vertoon die mode op die podium van sy lewe. Sy hele lewe lank vertoon hy wat dit is om lief te hê, om nederig te wees.

Op 'n onnavolgbare wyse? Ja inderdaad. Maar tog vra Paulus van ons dieselfde gesindheid! (Filippense 2:5). Die nederigheid van Jesus Christus moet deur ons nagevolg word. Soos by 'n model sit die klere aan Hom asof dit gegiet is. By ons sal dit dikwels nie so goed pas nie. Dit hang aan ons lyf of dit sit veels te styf. Maar dit is dieselfde klere! Hy vertoon dit op 'n onnavolgbare manier, maar ons mag dit ook dra – in navolging van Hom. Hy het sy hoë posisie wat Hy by die Vader het, afgestaan vir mense wat Hom heeltemal niks kon bied nie. Nederigheid was op die liggaam van ons Heiland geskryf. Volkome vernedering was vir Hom in die vooruitsig. Tog gaan Hy voort, en bly voortgaan – van Betlehem na Gólgota. Van die vernedering van 'n krip tot die verhoging aan die kruis, wat terselfdertyd die diepste vernedering was. Hy was die ander se voete. Hy het dit

gedoen! Vir ons! Hy het dit gedoen! As ons voorbeeld!

By Hom was daar nie 'n eiewillige nederigheid nie. Nie 'n uiterlike foefie om mense aan jou kant te kry nie. G'n truuks of maniertjies nie. By Hom is dit eg. Deurleefde nederigheid; omdat Hy soos geen ander nie, weet wat dit is om lief te hê. Hy is werklik oor mense bewoë.

### Handeklap vir die ander

Dit is die gesindheid wat Paulus ook van ons vra. Liefde. Nederigheid. Die klere sal ons natuurlik nooit soos vir Christus pas nie; altyd bietjie te groot of bietjie te klein. Tog vra Paulus van ons dieselfde gesindheid. Hy stel dit sterk: *“in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself”* (Filippense 2:3). Die ander meer ag; voorrang gee. Ook as die ander jou nie aanstaan nie. Ook as die ander niks het om jou te bied nie.

**Deurleefde nederigheid; omdat Hy soos geen ander nie, weet wat dit is om lief te hê.**

Dit is wesenlik meer as 'handeklap vir die ander'. Dit beteken meer as om nou en dan vir jou naaste applous te gee. Dit is nie 'n kledingstuk wat jy na goeddunke aantrek of uittrek nie. Ware nederigheid kom van binne. Dit is 'n gesindheid. Dié gesindheid wat by Christus die botoon gevoer het en so onnavolgbaar tot uiting gekom het. Só moet ook ons nederig wees. Gedrewe mense. Gedrewe deur liefde. Dan kan jy instem, al weet jy jy is eintlik reg. Dan het jy nie nodig om witvoetjie te soek nie en jy hoef nie op tone te trap nie. Nie 'n bietjie applous vir jouself nie, al het jy dit miskien verdien. Nederigheid is 'n lewenshouding; 'n gesindheid, 'n kledingstuk wat

**Daar kan nie heilige wandel wees  
sonder om versigtig op die uitkyk te wees nie.**

- CH Spurgeon

jy eintlik nie kan uittrek nie; om te durf om die minste wees, nie net teenoor jou meerdere nie.

Dán is jy opvallend, want jy maak die wêreld se verskil.

### Lees verder:

[Hoe leef ek as 'n Geesvervulde mens?](#) Hierdie artikel gaan oor die vervulling met die Gees en nederigheid. En in die artikel [Navolging](#) kan u nog verder lees oor die navolging van Christus.

## OVASIE VIR GOD

*WH de Groot*



### Jesus in die hoofrol

Dit was pragtig. 'n Vol aandprogram. 'n Toneelstuk uit die boonste rakke. Veral die hoofrolspeler. Dié het nie net toneelgespeel nie, hy het jou meegevoer na 'n ander wêreld. Te mooi om waar te wees. Van begin tot einde het jy gevoel jy is dáár; dat jy deel is van die toneelstuk. Dat dit oor jónú gaan. Die hoofrolspeler het dit so naby gebring dat jy intens betrokke geraak het. Jy is geraak tot die diepste van jou bestaan. Dit is geen wonder dat die staande ovasie na die afloop minute lank geduur het nie. Veral toe die hoofrolspeler na vore gekom het, was die gejuig oorweldigend...

Dit is pragtig. 'n Vervulde lewensprogram. Hier is ewewel nie 'n toneelstuk nie, maar die harde, heerlike werklikheid. Lewensgetrou. Veral die Hoofrolspeler. Van begin tot einde gee Hy jou die gevoel dat jy daar hoort. Dit gaan ook oor jou! Jy word geraak tot in die diepste van jou bestaan. Jy raak daarby betrokke. Jy kan nie neutraal bly nie. Dit is geen wonder dat die Outeur van hierdie wonderlike skouspel 'n lewenslange staande ovasie van jou vra nie.

As die Hoofrolspeler terugkom sal 'n oorweldigende gejuig opgaan.

Hoe klein voel 'n mens nie as jy die 'draaiboek' van die van die grote God oordink nie. Wie anders sou dit kon skeep? Die waarheid van God bring jou tot nederigheid. Nederigheid teenoor jou naaste, want jy weet jy het self nie 'n voet om op te staan nie. Maar sekerlik ook nederigheid teenoor jou Skepper. Wie is jy dat jy met Hom kan wandel?

### God en jy

As jy oor nederigheid nadink, moet jy goed besef wie jy is. Die Woord van God hou 'n spieël voor jou. En wat sien jy? Jy sien 'n sondige mens wat uit homself niks is nie.

**Dit is vir 'n mens baie makliker om konserwatief te wees as om heilig te wees.**

- BA Bernal



Jy sien jousef in dowwe kleure geteken. 'n Mens in ellende. 'n Mens, 'n vreemdeling, ver van sy bestemming; deur jousef onbetrokke gemaak; net 'n toeskouer. Kan iets goeds hieruit voortkom? Ja, dit word iets moois, maar nie danksy jousef nie. Die Hoofrolspeler alleen verdien 'n staande ovasie. Dit is Hy wat jou by die plan van God betrek. Sy optrede is 'één vir almal'.

**Dan dink jy nie aan applous vir jousef nie, omdat jy weet dat jy nie applous werd is nie. Dit is Gód wat ons lewe lank ons staande ovasie verdien.**

As jy vashou aan sy optrede, as jy in sy rol glo, dan word jy één met Hom; dán kry jou lewe glans; dan is daar 'n uitweg uit jou eie treurspel – die enigste uitweg – wat God jou in sy liefde aanwys. Die hemelse Regisseur wys jou na die Hoofrolspeler.

As jy oor nederigheid nadink, moet jy ook goed besef wie God is. God is te groot vir woorde. Tog is die toneelstuk in mensewoorde geskryf, en die Hoofrolspeler is 'n mens soos ons. En as jy die teks van sy toneelstuk lees, hoe kom jy nie onder die indruk van die grootheid van God nie! As jy oor die skepping lees. As jy oor die herskepping nadink. As jy God leer ken in sy trou, in sy liefde, in sy genade en in sy strengheid. As jy die Here God ontmoet in sy Seun, Jesus Christus. Dit kan nie anders as om groot indruk te maak nie! Jy voel soos Johannes in Openbaring 1. Jy val soos 'n dooie voor sy

voete en aanbid. Jy word kleiner en kleiner, en hoe kleiner jy word, hoe groter word God. Só mag jy diensbaar bly – lewenslank.

### **Ovasie vir God**

Besef wie jy is. Besef wie God is. As jy dié twee dinge doen, sal jy dit nie in jou kop kry om hoogmoedig en selfgeldend te wees nie. Dan dink jy nie aan applous vir jousef nie, omdat jy weet dat jy nie applous werd is nie. Dit is Gód wat ons lewe lank ons staande ovasie verdien. Daar moet ons hele lewe op gerig wees.

God bied meer as net 'n toneelstuk. Wat Hy jou bied, raak jou diepste wese; of liever: Wie Hy jou bied raak jou tot in die diepste van jou siel. En dit is dringend nodig, want uit jousef... ag, jyself beteken tog so oneindig min. Volke is voor God soos 'n stoffie op 'n weegskaal, soos 'n druppel aan die emmer. Wie is jy dan? Klein mensie teenoor die grote God – as jy jousef waarlik ken; jousef steeds beter leer ken in die spieël van die Woord van God.

Dan besef jy dat jy nie die aandag van God verdien het nie. Dan besef jy dat Jesus nie sy hoofrol vir jou hoef te gespeel het nie. Dit was nie 'n verpligte vertoning nie! As dit tot jou deurdring, kry jy die besef van die onmeetlike grootheid van God. Dat Hy sy liefde in jou belê, is te groot vir woorde. Dit maak jou as mens klein. Dit maak jou bewondering en liefde vir God enorm groot.

Jou bestaan moet 'n lewenslange ovasie vir God wees. Jy gee God al die eer. Jy voel klein in sy nabyheid. Só bereik God sy doel in jou lewe. God het klein mensies lief.

### **Om verder te lees:**

Daar is baie rede om God die eer van ons lewe te gee. Lees hieroor meer in die artikel [Majesty of God](#) en [God is groter](#).

**God sal deur elke menselewe verheerlik word. Die mens kan God gewillig deur liefde en gehoorsaamheid verheerlik. Doen hy dit nié, word hy verplig om God te verheerlik deur sy verwerping en sy straf.**

- Augustus H Strong

# HOE HET DIE MARTELARE DIT VOLGEHOU?

H Veldman

*In die geskiedenis van die kerk kom ons hulle gereeld teë : Christene wat die owerheid en hul medemenses ten volle aanvaar – en tog hulle lewens verloor in ’n Romeinse arena of aan ’n Spaans-roomse galg. ’n Byna oneindige ry: vanaf die onverskrokke biskop Polycarpus tot verby die blymoedige dominee Guido de Brès. Hulle word “martelare” genoem – afgelei van die Griekse “martus” en die Latynse “martyr”, wat vertaal word met “getuie”. Daarmee word dus aangedui dat die slagoffers in die eerste plek as gevolg van hulle “getuie” gedood is. Die geloofsgetuie van die enigste reddende Evangelie deur Jesus Christus. Martelare – bloedgetuies.*

## Bloedgetuies

Die eksklusiewe geloofsopvatting van ‘die enigste heil in Jesus Christus’, het in die Romeinse ryk ergernis veroorsaak: wat verbeel hierdie mense hulle? En hierdie aanstoot het uitgegroei tot haat. Daar is meer as een keer ’n eksklusiewe proses gevoer teen hierdie ‘eenkennige’ Christene. Die einde was die uitsluiting, om uitgestoot te word. Eers word hulle bespot en gedreig met geseling, en as dit nie help nie, word hulle aan ’n kruis gespyker of op gloeiende ysters langsaam gebrui. Of anders gaan die martelare die weg na die leeu en luiperde.

Die wêreld van vandag dink dit is baie hartseer dat dit alles moes gebeur. Hoe is dit moontlik dat een mens ’n ander dit aandoen?



Dit gaan die moderne mens se verstand heeltemal te bowe as hulle hoor dat die martelare psigies ongebroke hulle laaste treë geneem het. En dan sing hulle nog daarby! Hoe is dit moontlik?! Waar kry hulle die moed en krag vandaan om tot hul laaste snik te bly getuig?

Die martelaar sterf in sy “arena”. Hy sterf letterlik as ’n bloedgetuie. Maar waarom? Allerlei vrae kom by ons op. Vanwaar die haat? Vanwaar sulke wreedheid? En dan ook: vanwaar die geloofsmoed? En hoe gaan ons vandag daarmee om? Kan die Christene op die drempel van die een en twintigste eeu ook nog so iets te wagte wees? Waarop moet ons ons voorberei?

## Asosiale Christene?

In die Romeinse ryk het die vervolgings – met soms lang onderbrekings – tot aan die begin van die vierde eeu geduur, toe keiser Constantyn die Grote aan bewind gekom het. Hy het dadelik ’n ‘Edik van Verdraagsaamheid’ uitgevaardig, wat dit ontoelaatbaar gemaak het om Christene verder vanweë hulle geloof te vervolg. Die Christendom het toe ’n ‘geoorloofde godsdiens’

**Die mens kom nooit werklik onder die indruk van sy nietigheid nie – tot hy homself met die majesteit van God vergelyk.**

- J Calvyn

geword (313 N.C.). Hieroor was die vreugde besonder groot, want nog kort tevore het die vorige (heidense) Romeinse keiser die katolieke kerk hewig vervolgd: verwoesting van kerke, verbranding van Bybels, en die dwang om aan afgode te offer. Die aantal martelare het skrikwekkend toegeneem. Maar (met beklemtoning), daar was ook vele ontrou Christene! Die afvalliges, wat wel geoffer het, of wat 'n verklaring daaromtrent gekoop het om die druk op hulle te ontkom. Nie elkeen het die moed gehad om langer vir die Christelike geloof uit te staan nie. "Kom ons los dit eers net vir 'n tydjie", so moes baie gedink het. Ons hoor later ook hoe moeilik die kerk dit gevind het om hierdie Christene weer in hulle midde op te neem.

Intussen was dit nogal erg hoe 'die mense' die Christene gesien het. In die oë van hulle medemens was hulle asosiaal – teen die samelewing! Hulle het met hulle geloof buite die 'normale orde' gestaan. Hulle het negatief gestaan teenoor die 'gode' van die Ryk en daarmee krities teenoor die 'grondslae van die samelewing'. Hulle was dus fundamenteel gevaarlik en gesien as verbrekers van die eenheid van die Ryk. Dan was daar ook nog die rillerpraatjies oor kinderoffers en ander kannibalistiese feeste. 'n Mens hoor dit tog immers: 'Neem, eet, dit is My liggaam'.....

### Intimidasië

Was die geregtelike prosesse teen die Christene nie by voorbaat bedoel om hulle tot die dood te veroordeel nie? Nee, die bedoeling was eerder om hulle te intimideer, en om hulle van hulle eksklusiewe opvattinge te laat afsien. Deur redenering en oorreding moes hulle weer in pas kom met die ander staatsburgers! Hoe geredelik sal so iets nie ook vandag as argument kan geld

om aan te pas by 'die heersende gewoontes' nie?

Die maatskaplike druk moet ons nie onderskat nie. 'n Mens is nou eenmaal 'n wese wat hom geredelik aanpas by sy (nuwe) omstandighede. Dat jy die gevaar loop om 'n kniebuiging te maak voor die moderne gode van jou eie tyd, is onbetwisbaar. Die vraag is: sien ons dit vandag nog raak?

**...die bedoeling van die vervolging was eerder om hulle te intimideer, en om hulle van hulle eksklusiewe opvattinge te laat afsien.**

### Hoe het hulle dit volgehou?

Van hulle wat die marteldood moes ondergaan, lees ons dikwels dat hulle tot die einde toe bly getuig het oor hulle geloof in Jesus Christus. Dit alles was moontlik deur die Gees-krag van God. Deur Hom was hulle gebonde aan die opdrag: *'En julle sal my getuies wees!'* So het hulle in hulle donkerste ure bewus gebly van hulle verbondenheid aan die Here van die kerk. Hulle het eintlik alreeds lank in die lig van God se Ryk geleef. Hulle was vroegtydig al deur Christus self gewaarsku: *'n Kneeg is nie belangriker as sy heer nie'*. En daarby: *'In die wêreld sal julle verdrukking ly.'* Op geen manier kon hulle meer losgemaak word van hulle Heiland nie. So het hulle met blydschap die dood tegemoet gegaan.

Vir mense wat dit meegemaak het, was so iets ongelooflik! Dit moes hulle eenvoudig aan die dink gesit het. Baie mense het met respek van die martelare gepraat. En waarskynlik het dit in meer as een opsig waar geword: *'Die bloed van die martelare is soos 'n saad!'* Die bloed van die martelare het die kerk laat groei.

**Eerder 'n kort oorlog en ewige rus as valse vrede en ewige pyniging.**

- CH Spurgeon

Sommige mede-Christene het een stap te ver gegaan, deur oor te gaan tot martelaarsverering, deur die martelare as heiliges te beskou. Die sterfdag van 'n martelaar is gevier as sy 'geboortedag vir die Koninkryk van God'. Van sulke martelare mag jy dan verwag om vir jou voorbidding te doen by God die Vader. Jy moes eintlik van martelare aandenkings besit. Verkeerd, maar in die lig van wat by so 'n toneel gebeur het miskien tog bietjie begryplik....



Sommige Christene het selfs martelaarskap nagestreef. Biskop Ignatius van Antiogië het daarna verlang om vir sy Heiland te sterf. Hy wou geen hulp van mede-Christene hê om bevry te word van die Romeinse regters nie. Hy skryf: *'Die beste wat u my kan gee is dat ek aan God geoffer word..... Laat my tog voedsel vir die wildediere wees.'*

So het dit ook gebeur, al maak ons die kantaantekening dat hierdie dood nie noodwendig nodig was nie.

### Guido de Brès

Ook in die sestende eeu is die kerk erg vervolgt. Ons beskik oor 'n groot aantal verslae oor teregstellings uit dié eeu. 'n Besondere getuienis het vir ons bewaar gebly oor Guido de Brès, die opsteller van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Hy sterf as martelaar op 31 Mei 1567 aan die galg te Valenciennes, saam met sy kollega Pérégrin de la Grange. Daar is die volgende oor hom geskryf: *'Kort nadat hy opgestaan het, het die heer Guy (de Brès) die voorplein betree om al die ander gevangenes te groet. Terwyl hy aan*

*hulle sy vreugde betuig, praat hy met hulle op hierdie wyse: My broeders, ek is hier ter dood veroordeel oor die leer van die Seun van God. Hý word hiervoor geprys. Ek is baie bly daaroor. Ek het nooit gedink dat God my so 'n eer sal*

*bewys nie. Ek voel my aangesig swel van die genade wat God al meer en meer op my laat neerdaal. En ek word van minuut tot minuut gesterk. My hart spring op van vreugde in my binneste.'*

Netso spreek sy kollega De la Grange. Hoe wonderlik! Veroordeel deur die

owerheid, en tog het hulle tot aan die einde (toe hulle onder die galg gestaan het) aan hulle geloofsgenote voorgehou: julle moet die owerheid eerbiedig!

**My broeders, ek is hier ter dood veroordeel oor die leer van die Seun van God. Hý word hiervoor geprys".**

Hulle rotsvaste geloofsoortuiging het respek afgedwing, veral as in gedagte gehou word dat iemand soos De Brès, 'n vrou met vyf jong kinders nagelaat het. Sy afskeidsbrief aan hulle was 'n voorbeeld van ontroerende blydschap en Christelike vroomheid. De Brès skryf onder andere: *'Ek is vrolik en my hart is opgewek. Ek ontbreek niks in my droefheid nie.'* En ook: *'Ek gaan u vooruit, en op die tyd dat dit die Here behaag, sal julle my volg.'*

**Wat 'n voorbeeld van geloofsekerheid! Iets om op jaloers te wees!**

**Hell is hell because God is there in all His wrath.  
Heaven is heaven because God is there is all His love.**

**Literatuur :**

1. J.N. Bremmer en J. Den Boeft, *Martelare van die ou kerk – bewaarde dokumente van die Christenvervolging tot 300 na Christus*, Kampen 1988.
2. Th. Delleman, *Die martelaarskap van Guido de Bres, 'n bedienaar van die* *Goddelike Woord in die Nederlande, Gravenhage z.*
3. Verder kan mens in die leer- en handboeke van die kerkgeskiedenis baie besonderhede kry omtrent die vervolginge wat die kerk in die loop van eeue getref het.

**Lees verder:**

Hier kan u die [hele brief](#) lees wat Guido de Bres aan sy vrou geskryf het kort voor sy dood. Die gewilligheid van die martelare om te sterf vir Christus herinner ons aan die woorde van Paulus. Lees hier 'n artikel oor Paulus se woorde: [Want die lewe is vir my Christus...](#)

**Ek wil dit onomwonde stel dat dit maklik is om van iemand anders se geloof 'n karikatuur te maak en dan dié karikatuur met geveinsde vroomheid aan te val. Beskuldig my van iets en borduur dan verontwaardig voort oor so 'n kettery.**

**'n Mens behoort reg te laat geskied aan die siening van ander. Ek weet dit is nie maklik nie, maar ons moet probeer. Om reg te doen onder mekaar is bewys van ware wedergeboorte. Anders is dit nie 'n pennie werd nie.**

**C Stam**

**Hoe kragtiger iemand in die Woord is,  
hoe kragtiger sal hy in gebed wees.**

**- W Gumall**